**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**VLAK 5 WATERBEPERKINGS \ LEVEL 5 WATER RESTRICTIONS \ INQUBO 5 UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP MAANDAG 09 APRIL 2018 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. N Rossouw | : | Direkteur Tegniese Dienste – waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/04/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

'n Oomblik van stilte word gehandhaaf deur die Voorsitter, waarna hy almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale verwelkoming word gerig aan al die ouers en onderwysers wat die Belgiese studente huisves as deel van Bergrivier Munisipaliteit se jeuguitruilingsprogram met Heist-op-den-Berg.

***

**RVN002/04/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid MA Wessels – verskoning
Raadslid AJ du Plooy – verskoning
Raadsheer SR Claassen – verskoning
Raadsheer J Swart – verskoning
Direkteur Tegniese Dienste – verskoning

***

**RVN003/04/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadslid Small verklaar haar belange met betrekking tot item RVA007 in die agenda.

***

**RVN004/04/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Geen

***

**RVN005/04/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: BESOEK VAN BELGIESE JEUG AAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT: 31 MAART 2018 – 12 APRIL 2018**
**3/3/1/5**

Die Munisipale Bestuurder verwelkom die Belgiese jeug van Heist-op-den-Berg en die jeug van Bergrivier Munisipaliteit.

Raadsdame Kelly van Tendeloo van Heist-op-den-Berg gee breedvoerig agtergrond aan die Raad met betrekking tot die besoek van die Belgiese jeug aan Bergrivier Munisipaliteit.

Die volgende leerders, naamlik: Ravell Frans van Bergrivier Munisipaliteit en Tiana Dekerf vanaf Heist-op-den-Berg doen 'n visuele voorlegging rakende die jeugprogram, waarna elke leerder hul persoonlike ervaring deel met die Raadslede en gaste teenwoordig.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Munisipale Bestuurder en die Strategiese Dienste-afdeling vir al die werk wat hul ingesit het ter voorbereiding van die Belgiese studente se besoek, die Raadslede en al die gas-ouers wat die kinders gehuisves het.

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die voorlegging soos gemaak deur die jeug en dat dit deel vorm van die suksesse van die internasionale ooreenkoms tussen Bergrivier Munisipaliteit en Heist-op-den-Berg Gemeente.

**RVN006/04/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN007/04/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VAN DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: VERVANGING VAN LID VAN DIE MPAC ("MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE")**
**12/2/3/68**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder gaan deur die item ter oorweging deur die Raad.

**BESLUIT**

Dat Raadslid Audrey Small aangewys word as lid van die Oorsigkomitee en MPAC in die plek van Raadslid Adam du Plooy met effek vanaf 01 April 2018.

***BESTUURDER STRATEGIESE DIENSTE***

***(Raadslid A Small het die Raadsaal verlaat tydens die bespreking van bogenoemde aangeleentheid)***

***

**RVN008/04/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN009/04/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN010/04/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN011/04/2018**
**IN-KOMITEE BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:15***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | 14.05/2018 ***DATUM*** |